

**19 ARABIESE SKIEREILAND** Bid vir die veiligheid van gelowiges in hierdie streek waar Islam die oorheersende geloof is. Bid dat Christene wat vervolg word, getuies sal wees van lewe, krag en God se genade.

**20 TUNISIË** Bid vir Hassan*, ŉ gelowige wat sleg behandel word deur sy familie. Sy broer het probeer om sy erfporsie te steel. En hy sukkel om ŉ lewe vir homself te begin. Bid vir sy beskerming en dat God vir hom sal intree.

**21 MAROKKO** Die Marokkaanse Kerk vra vir gebed vir hul tweede generasie van gelowiges. Jongmense sukkel om aan die Kerk verbind te bly omdat die samelewing probeer om hulle terug te lok na Islam. Bid dat hulle sterk sal staan en onthou wie hulle in Christus is.

**22 GASA** Christene in Gasa ly onder baie teenspoed in hul daaglikse lewe. Bid dat God hulle sal help om Sy beloftes aan hulle te onthou. En dat dit ŉ bron van hoop en seën vir hulle sal wees.

**23 JEMEN** Bid dat die Here alles wat Christene in Jemen moet verduur sal gebruik om hulle ŉ getuie te maak vir die rondom hulle, en dat Hy gelowiges sterk en meer toegewyd sal maak aan die Koninkryk van God wat besig is om in die land gevestig te word.

**24 SIRIË** Die Siriese-oorlog het nie net ŉ reuse effek in die streek gehad nie, maar om die wêreld, vanweë die Siriese vlugtelinge, of ander regerings wat op een of ander manier in die oorlog betrokke geraak het. Kom ons bid dat hierdie langdurende oorlog finaal tot ŉ einde sal kom.

**25 ALGERIË** Bid vir krag vir gelowiges wat onregverdiglik in die gevangenis is. Bid vir hul geliefdes – die vrees en onsekerheid van gevangeskap kan ontstellend en traumaties wees vir beide die in en buite die tronk.

**26 IRAN** Bid asseblief vir Iranse gelowiges wat trauma moet hanteer nadat hulle in die gevangenis was of selfs gemartel is, asook vir die wat vervolging van hul families en die samelewing verduur. Bid dat God die waarheid van wie Hy is aan hulle vervolgers sal openbaar.

**27 CHINA** Bid vir China se Christenkinders onder 18-jarige ouderdom, wat nie toegelaat word om Christenbyeenkomste by te woon nie. Sommige kinders is deur hul onderwysers gedwing om hul geloof te ontken. Bid dat God vir hulle krag sal gee om die druk wat hulle ervaar te verduur.

**28** Bid vir Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond in die noordweste van China wat al vir meer as ses maande in heropvoedingskampe aangehou word sonder verduideliking of kontak met hul families. Bid vir hulle eggenote en kinders wat erg ly sonder hulle.

**29 INDIË** Bid vir Christene regoor Indië wat daaglikse vervolging vir hul geloof in die gesig staar. Plaaslike kerkvennote rapporteer voortdurend oor die toenemende aantal daaglikse vervolgingsinsidente. Bid vir krag vir hierdie Christene, te midde van sulke moeilike tye.

**30 KAMEROEN** In September verlede jaar het Saida (18) ŉ operasie ondergaan om ŉ vergroeisel te verwyder nadat sy met kanker gediagnoseer is. Oor die volgende paar maande sal sy vir chemoterapie gaan. Bid dat die Here die goeie werk van genesing, wat Hy reeds in haar begin het, sal voltooi.

**31 WÊRELDWYD** Bid vir vervolgde Christene wêreldwyd, namate hulle ŉ toename in vervolging in die gesig staar. Bid dat, te midde van vervolging, hulle veerkragtig in die geloof sal wees en deur hul getuies baie mense hierdie jaar tot geloof in Christus sal kom.

*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsredes.


Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

**Posbus 1771, Cresta, 2118**
**T** +27 11 888 9341 | **F** +27 11 888 9362
**E** southafrica@od.org | **I** www.opendoors.org.za

@opendoorssa  Open Doors South Africa  open_doors_sa


Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

# GEBEDSKRYGERS FLITS

GEBEDSKALENDER VIR VERVOLGDE CHRISTENE WÊRELDWYD



**"Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie." – Romeine 8:18 (1983)**

**Januarie 2019**



**1 SOEDAN** Islam is diep gewortel in die Soedanese samelewing, en Christene staar ernstige beperkinge in die gesig, soos om konstant dopgehou te word. Bid vir God se wysheid en leiding terwyl hulle Hom aanbid te midde van sulke omstandighede.

**2** Prys die Here dat die Soedanese regering, na baie jare, uitklaring aan ŉ skeepsvrag van Arabiese Bybels verlede jaar gegee het. Bid dat die Here se Woord die wat Hom ken sal vernuwe, en lewe sal bring aan die baie mense wat steeds in die duisternis is.

**3 UGANDA** Mary (39) en haar ses kinders is deur haar man uit die huis geskop nadat hy uitgevind het dat hulle Christene geword het. Hulle sukkel om te oorleef, wat daartoe gelei het dat haar oudste kind die skool moes verlaat. Bid dat God in al die behoeftes van dié familie sal voorsien.

**4 GUINEE** Ibrahima (31), ŉ Gelowige vanuit ŉ Moslem-agtergrond, ŉ eggenoot, en pa van twee, is geforseer om skuiling te vind by ŉ ander Christen nadat sy Moslem-familie hom probeer doodmaak het. Bid vir die Here se beskerming oor Ibrahima, en dat hy sal aanhou om in sy geloof te groei. Bid dat sy vrou, kinders, en vervolgers Jesus sal leer ken.

**5 ERITREA** Aster*, wie se pastoor-man in die tronk is omdat hy buite staat-erkende kerke in Eritrea aanbid het, sê, "bid vir ons lyding om te eindig, en vir waagmoed om al die probleme wat ons in die gesig staar te oorkom. Bid vurig, dat ons God vrylik in ons land kan aanbid."

**6 NIGERIË** Christenvroue in Nigerië ly steeds aan trauma en sosiale verstoting, namate Boko Haram en Fulani militante seksuele geweld gebruik wanneer Christengemeenskappe aangeval word. Bid dat God hulle heeltemal van hierdie trauma sal genees en dat Hy hulle sal bystaan in hul genesingsproses.

**7** Baie Christenvroue en jongmeisies is deur Boko Haram ontvoer vir die hoofdoel om hulle in huwelike met Moslemmans te dwing. Bid asseblief vir God se beskerming oor almal wat ontvoer is en vir hul vrylating.

**8 ETHIOPIË** Nuredi, ŉ Gelowige vanuit ŉ Moslemagtergrond, is deur Moslem-dorpenaars aangeval om hom vir sy Christengeloof te straf. Hulle het sy huis en besittings vernietig. Bid dat die Here sy omstandighede sal verander en alles wat hy verloor het na Sy rykdom sal vervul.

**9 IVOORKUS** Bid asseblief vir Louise K. (29), ŉ eggenoot en ŉ ma van twee. Toe sy ŉ Christen geword het, het haar man en Moslem-familielede haar en haar kinders verwerp en verlaat. Bid vir God se voorsiening vir Louise en haar kinders. Bid ook vir haar hele familie om Christus te ontmoet.

**10 DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN KONGO** Die hoofsaaklik Christen-bevolking in die noordooste van die DRK is kwesbaar vir brutale geweld, vernietiging van eiendom en ontvoering deur militante, wat geassosieer word met die Islamitiese radikale groep, *Allied Democratic Forces*. Bid vir die Here se beskerming oor Sy mense en vir ŉ einde tot die bloedvergieting in hierdie land.

**11 TSJAD** Achta (20s) is ŉ Sondagskooljuffrou. Nagenoeg 200 kinders het voorheen Sondagskool by haar kerk bygewoon, totdat sommige van hul Moslemfamilies hulle belet het. Sy vra dat ons bid dat hulle toegelaat sal word om terug te kom, en dat baie van hulle Christus sal leer ken.

**12 MALEDIVE** Maledive het ŉ nuwe president. Dit kom na president Yameen se nederlaag tydens die algemene verkiesing in September verlede jaar. Bid dat God hom sal gebruik om verandering teweeg te bring wat die mense sal bevoordeel en meer godsdiensvryheid sal toelaat.

**13 INDONESIË** Aan die vooraand die 2019 presidensiële verkiesings in Indonesië is daar groepe wat moeilikheid kan maak, soos om Christene te beswadder, om só die oorhand in

**INDONESIË vervolg**
die verkiesings te kry. Bid vir vreedsame en regverdige veldtogte, en dat eerlike politici verkies sal word.

**14 VIËTNAM** Prys die Here vir kerkleiers soos pastoor Chai wat in dapperheid Bybels en Bybelse materiaal aan hul gelowige en nie-gelowige bure versprei. Bid dat, ten spyte daarvan dat hy beboet word vir die verspreiding van Bybels, pastoor Chai sal aanhou om die Here te dien en gehoorsaam sal wees in sy roeping.

**15 BHOETAN** Prys die Here vir die voltooiing van ŉ dissipelskapwerkswinkel vir vroue in Bhoetan. Baie vroue stel belang om die volgende werkswinkel by te woon. Bid dat al die vroue, wat baat vind by hierdie werkswinkels, sal aanhou om te groei en ŉ seën sal wees in hul huise en dorpies.

**16 LIBIË** In November verlede jaar het ons vir Amida* gebid wat deur verskeie Moslemmans gevra is om met hulle te trou. Bid dat sy sterk in haar geloof sal bly, waar sy nou voel dat om een van hulle te aanvaar die enigste manier vorentoe is vir haar. Maar, sy besef ook dat dit druk op haar Christelike geloof sal plaas.



**17 SRI LANKA** Skole regoor Sri Lanka benodig 400 onderwysers om Christenskap te onderrig. Maar baie mense stel nie belang om Christenskap by skole te onderrig nie omdat dit nie goed betaal nie. Bid dat die Here mense sal oprig met ŉ passie om hierdie posisies te vul.

**18 KENIA** Verlede jaar het twee mense hul lewens verloor in ŉ aanval op ŉ bus deur Al-Shabaab militante, nadat hulle nie die Moslem Shahada (geloofsbelydenis) kon opsê nie. Bid dat die wat getuies van hierdie aaklige geweld, was die skoonheid van Christus sal ervaar in sterk kontras tot alles waarvoor die militante staan.